Met skoon hande op pad na die hel toe

Teksvers Matteus 15: 1 - 20 & Sondag 35
Teksvers Matteus 15: 9

1. Inleiding

Geliefdes in ons leerdiens fokus ons vanoggend op “skoon hande”. En miskien is hierdie fokus, bietjie afgesaag vanoggend, siende dat ons almal Covid en die voortdurende herinnering om hande te was oorleef het. Maar soos gewoonlik weet ons hier skuil iets diepers in as om maar net met higiëniese hande te eet. Hierdie is eerder ’n onderrig geleentheid van ons Here Jesus Christus. En die hoof komponente wat aangespreek word in hierdie leerstellings vandag is aanbidding en die tradisie en oorlewering wat daarmee saam gaan.

En skielik wanneer ons hierdie terme hoor voel ons as Gereformeerde gelowiges mos tuis. Ons aanbidding hier in die erediens is mos steeds baie tradisioneel en stigtelik. En ons sal mos vinnig teen vreemde gedagtes wat hier ingedra word optree. Maar maak hierdie klem om tradisies en oorlewering nie van ons vandag juis die Fariseërs wat so skerp deur Christus aangespreek word nie? Hierdie Fariseërs kom spreek ook vir Christus aan in die begin van ons teks gedeelte. Maar dit word juis die onderriggeleentheid waarby ook ons vandag gaan baat.

Aan die ander kant van die tradisie en oorlewering spektrum lê ons kategismus afdeling vanoggend. Sondag 35 met die sterk klem op die tweede gebod, hou ons aanbidding en verering van die Here Heilig. Die tweede gebod doen dit juis deur beeldediens te veroordeel, en die manier van aanbidding reg te stel. Die oorgelewerde gebruik van die boeke van die leuke word direk veroordeel. Maar kom ons keer eers terug na die skoon hande, en hoe ’n mens met skoon hande steeds oppad kan wees na die ewige verderf.

2. Meer as higiëniese hande

Die feit dat dit oor meer as higiëniese skoon hande gaan is duidelik uit die konteks van ons teksgedeelte. Jesus onderrig die mense oor wat ’n mens rein en onrein maak, ons laaste vers, vers 20 sluit af met die opsomming dat “om met ongewaste hande te eet, maak ’n mens nie onrein nie”. Maar hierdie tema van onrein word is die goeie draad regdeur die teksgedeelte. Dit gaan dus nie oor higiëniese skoon hande nie, maar geestelike rein hande. Dit werk soos volg:

Christus word aangespreek omdat Hy nie die oorgelewerde gebruike aan Sy dissipels leer en bevestig nie. Op ’n manier is dit erger as om self hierdie gebruike per ongeluk te verontagsaam. Want dit beteken ’n doelbewuste verwerping daarvan. Jesus sê dit immers self ook oor die wet in Mattheus 5:19 : “[19]“Wie dan ook een van die geringste van hierdie gebooie ongeldig maak en die mense so leer, sal die minste geag word in die koninkryk van die hemel”. Maar wat behels hierdie oorgelewerde gebruik.

Dit kern van die saak lê in nie in skoon hande nie maar rein hande. Onrein hande sou die voedsel wat dit aanraak terwyl daar geëet word onrein maak. Hierdie onrein voedsel sou dan die binnekant van die liggaam onrein maak. Daarom het die fariseërs deur die jare ’n rituele gebruik ontwikkel waar hande onder lopende water gewas word, en dan spiritueel rein is om mee te eet. Hierdie is daarom een van daardie moeilike gebruike om in ’n arm ongunstige omgewing uit te leef. En dit word dan nou die stok waarmee die Fariseërs vir Christus kan bykom.

Maar dan sien ons dat die Verlosser die geleentheid gebruik om juis leerstellings oor hierdie spesifieke reinheid te openbaar. En die waarheid is dat ’n mense met skoon hande, ja selfs geestelike rein hande steeds op pad na die ewige verderf kan wees.

3. ’n Rein binnekant

Die rede vir die ontnugterende tema van hierdie preek word opgesom in vers 11: “[11]Dit is nie wat by die mond ingaan wat die mens onrein maak nie. Maar wat by die mond uitkom, dit maak ’n mens onrein”. Want alhoewel die klem in die oorgelewerde gebruik op dit wat die liggaam ingaan val, is die probleem eintelik wat by die liggaam uitkom.

Jesus gee ’n baie vleeslike fisiese verduideliking van voedsel en die spysverteringsstelsel in vers 17. Maar die onrein is eintelik juis teenwoordig in dit wat nie so sterk fisies of vleeslik is nie. Dinge soos slegte gedagtes, moord, owerspel, onkuisheid, diefstal en die res van die sake wat in vers 19 genoem word.

Die probleem begin eintlik by die mens wat in sy eie oë rein en bykans volmaak is. Want hierdie mens glo dan dat die onreinheid van buite sal kom en hom ontreinig. Dit terwyl die waarheid eintlik is dat die onreinheid in die sondige mens woon en ’n geleentheid soek om uit te kom en skade aan te rig.

Hierdie saak van eerder inneem as uitgee is ook teenwoordig in die eer wat mense aan hulle ouers verskuldig is volgens die 5de gebod. En dit is dan juis in hierdie gebod wat die fariseërs en hulle navolgers nie nakom nie. Trouens die geloof en aanbidding word gebruik om dinge so te manipuleer dat hulle eerder kan ontvang as gee. Met ander woorde eerder die onrein binnekant nog voller kan prop, in plaas van goeie dinge uit ’n goeie hart voortbring.

Jesus sê ook later vir die Fariseërs in verband met ’n skoon binnekant die volgende in Matteus 23:25-26 : “[25]“Ellende wag vir julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, huigelaars! Julle maak die buitekant van die beker en die skottel skoon, maar binne is hulle vol hebsug en onmatigheid. [26]Blinde Fariseër, maak eers die binnekant van die beker skoon, dan sal sy buitekant ook skoon wees.”

4. Dit wat ons inneem

Tog kan hierdie onrein binnekant rein gemaak word, deur dit iets in te neem. Daardie iets is natuurlik die brood van die lewe. Dit is ons Here Jesus Christus. Met die gebruik van die heilige sakrament van die Nagmaal bely ons die vergifnis in die liggaam en bloed van Christus as offer vir ons sondes. En ons bely dat ons die tekens en seëls in neem om ons verbondenheid daaraan te bevestig.

En dit is hier waar ons in Sondag 35 ook die waarheid bely. Ons hoe nie was aan verskeie oorgelewerde menslike tradisies nie. Leë gebruike wat nie die krag het om te red nie. Nee, ons wil gevoed word met die lewende verkondiging van die Woord van die Here. Want deur die aanhoor hiervan werk die Heilige Gees ook die geloof in ons. Die geloof wat vasgryp aan ons Verslossing in die sterwe en opstanding van ons Here Jesus Christus.

Deur die geloof word ons wedergebore, met ’n nuwe rein binnekant. Nou is ons instaat om rein en heilige dinge voort te bring wat die Here eer en verheerlik. Tog is dit belangrik om die rol van inneem hierin te sien. Hierdie inneem gebeur wanneer ons die Here aanbid en dien soos wat Hy ons beveel het. Wanneer ons ook in die erediens en gesamentlike aanbiddingsgeleenthede die Here dien soos Hy ons beveel.

Maar die anderkant bly ook waar ons kan gereeld in die ware opregte erediens of aanbiddingsgeleentheid teenwoordig wees, maar net uiterlik. Ons kan wees soos ’n vuil kopie wat net buite met water en seep natgespat word, maar nooit binnekant gewas word nie. Dit gebeur wanneer ons net teenwoordig is in ’n erediens of ander geestelike geleentheid, en nie regtig deelneem nie. Nie regtig saam die Here loof in sang en lied nie, maar net met toe oë regop staan as ons saambid en nie regtig luister of konsentreer wanneer daar omgegaan word met die woord nie. Dan kan ons met daardie skoon buitekant op pad na die hel wees, omdat die binnekant nooit rein geword het nie.

5. Slot

Ons kan afsluit deur weereen te bevestig dat ’n mens met skoon of selfs dan geestelike rein hand op pad na die hel kan wees. Wanneer Christus met die Fariseërs praat is dit dikwels onaangenaam en reguit vir hulle. En dit wat Christus ontbloot is dikwels huigelary. Dit is daardie manipulasie waarop ons ook in die eerste diens gefokus het. Daardie buig en misbruik van geloof en selfs die kerk om eintlik maar my wil te laat geskied.
En dit is hierin wat die boodskap ook dikwels sterk en reguit na ons kom. Want as ek hoogmoedig die kerk bloot as ’n instrument wil gebruik om my wil te laat geskied, dan staan ek aan die veroordelende kant van Christus se uitspraak.

Maar dan is daar ook hoop en troos. Wanneer ek juis hier na die kerk en geloof kom omdat ek my ewe verlorenheid besef, dan is daar hoop. Wanneer ek met ’n leerbare gees nederig kom neerbuig voor die bepalings en uitsprake van die Here, dan kom vind ek lewe. Dan kom vind ek dat die bloed van Christus in staat is om my heeltemal skoon te was van die sonde. Skoon en rein beide aan die binnekant en buitekant. Dan word ook my

hande skoon en rein hande wat in diens van die koninkryk gebruik kan word. En dan is ek nie meer op pad na die hel nie, maar na die hemel en die ewige volmaakte teenwoordigheid van die Here.

Amen